

# VERDUIDELIKINGSNOTA OOR SKENKINGS

**PRETORIA, Vrydag 23 Augustus 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se strategiese opset is om 'n kultuur van vrywillige nakoming onder belastingpligtiges te kweek. As deel van die bereik van hierdie doelwit, sal SARS verduidelikingsnotas uitreik om inligting aan die publiek te verskaf oor verskeie kwessies wat aktueel in die huidige omgewing is. In hierdie uittreksel, spreek SARS skenkings aan.

Verskeie vrae word gevra oor die aard van skenkings en die belastinggevolge daarvan. Die doel van hierdie verduidelikingsnota is om kortliks uiteen te set wat 'n skenking sal verteenwoordig en wat belas sal word, asook wat die impak sal wees van die betaal van 'n bedrag wat nie 'n skenking is nie.

## SKENKING

Die term "skenking" verwys na 'n kostelose beskikking van eiendom. 'n Skenking vereis 'n element van suiwer ruimhartigheid aan die skenker se part, wat dus die vereiste uitlig dat die transaksie kosteloos van aard moet wees. Waar 'n element van verwagting bestaan om iets in ruil te ontvang, kan dit nie as skenking geag word nie.

Daarom, waar dit bevestig is dat 'n skenking gemaak is, is daar verskeie gevolge uit 'n belastingoogpunt wat oorweeg moet word. Die sleutelaspekte met betrekking tot belasting is:

- Welke skenkingsbelasting betaalbaar is
- Welke die skenking belastingaftrekbaar is.

## SKENKINGSBELASTING

Eerstens, skenkingsbelasting is van toepassing op enige individu, maatskappy of trust wat 'n inwoner is, soos omskryf in die Wet op Inkomstebelasting. Dit beteken dat nie-inwoners nie vir skenkingsbelasting aanspreeklik is nie.

Tweedens, die wet bevat 'n lys van skenking wat vrygestel is van belasting, wat onder andere insluit, skenkings tussen eggenote en aan enige regeringsfeer, enige geregistreerde politiese party, of enige goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie.

Mees belangrik, sal 'n skenking verder vrygestel wees van belasting indien die totale waarde van skenkings vir 'n belastingjaar nie oorskry:

- R100 000 van eiendom geskenk aan 'n natuurlike persoon.
- R10 000 van toevallige geskenke in die geval van 'n belastingpligtige wat nie 'n natuurlike persoon is nie. Met ander woorde, toevallige geskenke deur, byvoorbeeld, maatskappye en trusts.

Enige bona fide bydrae gemaak deur 'n skenker tot die onderhoud van enige persoon, kwalifiseer ook vir vrystelling van skenkingsbelasting. Hoewel nie beperk tot 'n bepaalde bedrag nie, is hierdie vrystelling beperk tot wat die kommissaris as redelik ag. Dit is voorgenome om gevalle te dek soos die onderhoud van 'n kind, ens.

Skenkingsbelasting moet aan SARS betaal word teen die einde van die maand wat volg op die maand waarin die skenking gemaak is. Die persoon wat die skenking maak (die skenker) is aanspreeklik vir die belasting, maar indien die skenker versuim om die belasting te betaal binne die gestelde tydperk, word die skenker en ontvanger gesamentlik en onderskeidelik vir die belasting aanspreeklik.

Na 'n skenking gemaak is, moet die skenker 'n IT144 vorm (Verklaring deur skenker/ontvanger) voltooi, wat beskikbaar is en ingedien moet word, tesame met bewys van betaling, by die naaste SARS-tak. Skenkingsbelasting kan deur eFiling betaal word.

Skenkingsbelasting is hefbaar teen 'n vastekoers van 20% op skenkings met 'n kumulatiewe waarde van R30 miljoen, en teen 'n koers van 25% daarna.

## BELASTINGAFTREKBARE OF BONA FIDE SKENKINGS

Die Wet op Inkomstebelasting laat 'n aftrekking toe teen die belasbare inkomste van enige belastingpligtige, of enige bona fide skenking gemaak aan, byvoorbeeld, enige goedgekeurde organisasie, agentskap, instansie of departement of regering gelys in artikel 18A(1) van die wet. Die aftrekking is egter beperk tot 10% van die belastingpligtige se belasbare inkomste. Die bedrag van skenkings wat 10% van die belasbare inkomste oorskry word as 'n skenking hanteer wat in die volgende jaar van aanslag gemaak is.

## TRANSAKSIES WAT NIE AS SKENKINGS GEAG WORD NIE

Waar 'n transaksie nie kosteloos van aard is nie (byvoorbeeld, 'n eenmalige betaling om 'n kontrak te bind), kan daar geen skenking, soos omskryf, wees nie, en daarom geen skenkingsbelasting. Hoewel transaksies van sodanige aard nie onderhewig is aan skenkingsbelasting nie, is inkomste van hierdie aard of die opbrengste van onwettige aktiwiteite en/of ontvangste (soos omkoperij) gewoonlik belasbaar.

Bykomend hiertoe, verbied artikel 23(o) van die wet die aftrekking van uitgawes (insluitend skenkings) ten opsigte van korrupte of onwettige aktiwiteite soos omkoperij en boetes.

*Vrywaring: Hierdie verduidelikingsnota verskaf slegs algemene riglyne. Dit bevat nie indiepte tegniese en wetlike besonderhede wat met belasting gepaard gaan nie, en moet daarom nie as wetlike verwysing gebruik word nie. Dit skep nie 'n algemene heersende gebruik nie. EINDE*

Navrae: sarsmedia@sars.gov.za